



STAAT VAN BELYDENIS

Die Bybel as die kanon

Die sesde saak wat in die Staat van Belydenis (SB) aangehaal word, is die saak van Skrifgesag. Die oorspronklike langer teksweergawe lui so:

*Binne veral die Teologiese Opleiding het dit aanvaarbaar geword om uit die sogenaamde Q-bron en die Thomas-evangelie aan te haal. Dit word gebruik ter staving van argumente met diepgaande teologiese gevolge. By die 2012 Inligtingsvergadering het 'n dosent selfs gestel dat die Handeling van Petrus ('n apokriewe geskrif), 'n noodsaaklike hermeneutiese sleutel is tot die verstaan van die briewe van Petrus. Hierdie benadering is slegs moontlik **indien Artikels 3 - 7 van die NGB van die tafel afgevee word**. Die Reformatoriese beginsel van Scriptura Sui Ipsius Interpres word ook deur hierdie benadering verwerp. Dit blyk dat veral die dosente kan optree en in kerklike kringe dinge kan sê wat in teenspraak is met die proponentsbelofte. Dit is 'n oop vraag of die KommAKV, nadat hulle die Opleiding van predikante aan die Staat oorhandig het, nog enige seggenskap het oor daardie opleiding.*

*Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is **omdat die AKV die belydenisskrifte verontagsaam**, terwyl hulle met die ondertekening van die proponentsformule die teendeel belowe het. **Ons distansieer ons van hierdie vreemde denke** en verklaar dat ons bly by Ordinansie 1.1.2. Die AKV word daartoe opgeroep om te erken dat slegs*

die 66 boeke opgeneem in die Bybel ons Kerkboek, gesagvol is. Ons roep die NHKA daartoe op om die Bybel as Woord van God te aanvaar en as enigste gesagvolle bron vir prediking en teologiese navorsing vir die Kerk, soos die Kerkorde dit uitspel.

Die stryd oor die "regte" verstaan van die Bybel woed al lank in die NHKA. Die Skietlood wil aan die begin van hierdie saak beredeneer dit reeds stel: die dominante benadering tot die Bybel binne die NHKA is skynbaar dat die Bybel bloot **menslike nadenke oor God is** en **hierdie denke regverdig in sy wese 'n status confessionis**.

Die Staat van Belydenis is belangrik omdat die Evangelie as Evangelie op die spel is indien die Bybel gerelativeer word. Daar was in die afgelope 20 jaar debat oor wat die Bybel is en dit was nie vanselfsprekend dat die AKV sou aanvaar dat "die Bybel die Woord van God is" nie. Die saak is telkens deur die AKV vir verdere studie verwys, eerder as om volmondig saam te stem met die stelling; "die Bybel is die Woord van God".

Hoe het die Bybel ontstaan? Watter boeke behoort in die Bybel opgeneem te wees? Wat maak ons van die apokriewe boeke? Hoe belangrik is dit om te stel dat die Bybel die Woord van God is?

Hierdie is van die vrae wat beantwoord moet word in enige debat oor die Bybel. Dit val nie binne die bestek van Die Skietlood om hierdie sake omvattend te beredeneer nie. Dit is tog moontlik om sekere hoofmomente uit te lig:

Die Bybel se ontstaangeskiedenis kan in twee hoofdele saamgevat word. Die beloftes en aanloop tot die Christusgebeure word in die Ou Testament verwoord. Die Christusgebeure en die teologiese hoekstene word in die Nuwe Testament verwoord. Jesus van Nasaret het Homself gesien as deel van, en in lyn met die profesieë van die TeNaG(k). Hy het self uit die Geskrifte aangehaal en die hele Nuwe Testament is deurspek van verwysings na die Geskrifte. Die TeNaG(k), of Geskrifte, het onder die Christene later bekend geword as die Ou Testament en was teen die tyd van Jesus reeds almal in geskrewe vorm beskikbaar. Die TeNaG(k) bestaan uit die Tora (Wet), die Nibaim (profete) en die Kitubim (geskrifte). Paulus sê van die Geskrifte in I Timoteus 3:15 dat dit deur God gesem (inspireer) is. So is dit dat al die skrywers van die Nuwe Testament die Ou Testament gesien het as Godgeïnspireerde geskrifte. Net so het ook die eerste skrywers van die kerk na die Ou Testament verwys as 'n Goddelike geskrif. Daar was nie noodwendig konsensus gewees oor die Apokriewe boeke nie. Die Oosterse deel van die kerk was baie skerp teen die Apokriewe, terwyl die Weste meer geduldig was met boeke soos Tobit en Bel en die draak. Dit het verander toe die Jode in 90-100 nC te Jamnia die Masoretiese teks vasgestel het. Die keuse toe uitgeoefen deur die versamelde Rabbi's, vind weerklank in die lys van boeke wat genoem word in die NGB artikels 3-6. Die Nuwe Testament is eers teen die einde van die eerste eeu nC neergepen. Die eerste gemeentes en skrywers het

uit hierdie geskrifte aangehaal en hulle baie gou as gesagvolle bronne aangehaal. II Petrus 3:15-16 praat al klaar van Paulus se briewe as dokumente op 'n ander vlak as ander geskrifte wat dit gelykstel met ander heilige geskrifte (*En ag die lankmoedigheid van onse Here as saligheid, soos ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskryf het, net soos in al die briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf*).

Tertullianus (Kerkvader ±60 - 225nC) praat van twee versamelings gesagvolle dokumente te wete die Ou Testament en die geskrifte aangaande die Evangelie van Jesus Christus. Irenaeus was die eerste skrywer om te praat van die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die kerk het met ander woorde baie gou na sekere geskrifte verwys as heilige boeke (αγαί γραφαί). Barnabas (±135 nC) verwys na Jesus se woorde deur te stel "daar staan geskrywe". Aanvanklik was daar nie 'n behoefte om die versameling te formaliseer nie. Konsensus het bepaal watter boeke gesag dra. Marcion (hy het die Ou Testament verwerp en 'n verkorte versameling geskrifte as kanoniek aanvaar) het die kerk se teologiese skrywers daartoe genoop om 'n lys op te stel; eerder as om net sekere boeke in hulle geskrifte sonder beredenering as gesagvol te aanvaar. Die hele proses het redelik vinnig tot resultate gelei en reeds in 150nC het vier Evangelies uitgestaan as boeke met Apostoliese gesag. Mettertyd het Ooste

en Weste deur konsensus uitgekome by 'n gesamentlike lys van heilige boeke. Die hele kerk het die Bybel (versameling van heilige geskrifte) as gesagvol en deur God geïnspireer verstaan. Athanasius se Paasbrief in 367 nC is die eerste amptelike dokument waarin die huidige 27 boeke as die kanon gelys word.

Dit was met ander woorde 'n eeue lange proses voordat die kanon vasgestel was. Die Apostoliese gesag en die konsensus van die heilige geskrifte kan histories duidelik aangetoon word. Vroeg reeds het die kerk sekere geskrifte as kanoniek aanvaar en dit sou telkens midde in stryd wees dat lyste geformaliseer sou word. Hierdie formele lyste was nie anders nie as die gesagvolle verwysings wat ons in die eerste kerkvaders se geskrifte terugvind. Ten spyte van hulle historiese nabyheid aan die geskrifte en dié se outeurs, het hulle nie gehuiwer om die goddelike inspirasie van hierdie dokumente te erken nie.

Die afhandeling van die kanon was bepalend vir alle teologiese strydvrae wat daarna sou kom. Enige strydvraag moet op 'n gesagvolle manier beantwoord word, en dit begin deur te verwys na die versameling van heilige geskrifte wat die finale gesag dra. Teologiese gesprekke word vandag steeds bepaal deur Skrifgesag.

Teen hierdie agtergrond kan met reg gevra word waarom die apokriewe boeke nou weer so "in die mode" is. Daar is twee primêre redes. Die een is die sogenaamde soektog na die historiese Jesus en die ander is die ontdekking van tekste soos die by Nag Hammadi. Daarnaas is die gees van die tyd, die wantroue ten opsigte van

gesag, in besonder die kerk en die nuwe soeke na geestelike "waarhede" in 'n mensgedrewe mistisisme te blameer.

Die historiese Jesus navorsing begaan ernstige basiese en metodologiese foute. Die soeke na die historiese Jesus pretendeer om te gaan soek na Jesus soos hy geklink het voor die Paasgebeure. Hulle tref dan ook onderskeid tussen die voor pase Jesus en die na pase Christus. Dit is 'n eerste fout, gewoon omdat die Paasgebeure dit onmoontlik maak. Die opstanding het die twee nature van Jesus openbaar en dit beteken dat ons Jesus se goddelike aard en menslike aard kan onderskei, maar nie skei nie. Dit is met ander woorde onmoontlik om aan Jesus te dink as bloot net mens.

Die historiese Jesus navorsing werk verder met 'n model wat enige wonderwerk uitkakel as onnatuurlik en gevolglik onmoontlik. Enige wonderwerk vertelling word daarom uitgeskakel. Dit is problematies; aangesien hulle vooronderstelling hulle werkwyse bepaal. Hierdie vooronderstellings het tot gevolg dat kerngedeeltes nie in ag geneem word nie. Daarmee saam maak hulle die denkfout deur nie te beseft dat die wonderwerke deur die opstanding betekenis gekry het nie.

Die opstanding ontbloot op 'n baie basiese vlak die metodologiese fout van die modernistiese historiese Jesus navorsing. Die opgestane Heer het beide 'n vlak van kontinuïteit en diskontinuïteit. Om te verduidelik: Jesus het met verheerlikte liggaam opgestaan en daarom was daar 'n duidelike breuk met die Jesus van voor die Paasgebeure. Aan die ander kant het Hy saam met die dissipels geëet en

Thomas genooi om aan sy wonde te vat, derhalwe moet ons aanvaar dat deel van enige navorsing oor die historiese Jesus hierdie sake in ag moet neem.

Waar pas die Thomas evangelie en die sogenaamde Q-bron in by die nuutste soeke na die historiese Jesus? Die nuutste historiese Jesus navorsing werk steeds met dieselfde metodologiese veronderstellings. Dit sluit in:

- Wonderwerke kon nie plaasgevind het nie.
- Die opstanding kon nie (gesiens)(as werklike gebeure) plaasgevind het nie.
- Die vroegste tradisie van Jesus was in die vorm van 'n versameling gesegdes..
- Die Evangelieskrywers het hulle eie ideologiese onderbou gebruik om 'n sekere Jesus voor te hou.
- Die maghebbers het sekere dokumente verwerp omdat dit nie hulle belange gedien het nie.
- Volgens hierdie benadering is die beginsel van meervoudige attestasie (meer as een onafhanklike bron volgens hulle riglyne) belangrik om by oorspronklike gebeure uit te kom, en vele meer.

Teen hierdie agtergrond was die ontdekking van die Thomas evangelie vir die historiese Jesus aanhangers van groot belang. Hierdie dokument, waarvan net die Koptiese vertaling volledig beskikbaar is, het net gesegdes bevat. Die datering van Thomas word (deur hierdie navorsers) as baie vroeg geponeer. Die ontdekking van die Thomas evangelie word ook verstaan as ondersteuning vir die Q-bron wat as versameling gesegdes gekonstrueer word. Thomas word dan as outentieke

gesagvolle dokument aangehaal. Daar is net sekere probleme:

Die datering van Thomas is nie so voor die handliggend nie. Daar is 'n groot groep gerespekteerde navorsers wat Thomas dateer laat tweede eeu nC. Die Thomas evangelie is saam met ander gnostiese dokumente gevind, toon self duidelike gnostiese tendense en word nou ook wyd gebruik deur die moderne gnostiese beweging(s). Die vroegste kerkvaders het duidelik nie die dokument geken nie, nie eens uit die dokument aangehaal nie. Die eerste aanhaling uit Thomas wat in die vroeë kerkvaders terug gevind kan word, is deur Hippolitus ($\pm 170-235$ vC) ('n leerling van Irenaeus, gesterf ± 202 nC), en dit nogal in die Grieks.

Die sogenaamde Q-bron is geponeer (uitgedink) in 'n poging om die ooreenkomste tussen Matteus en Lukas te verklaar. 'n Eenvoudiger verklaring sou bloot wees dat die twee outeurs op dieselfde gebeure gefokus het omdat dit allerweë as van belang beskou is. Die enigste Q-bron wat sin maak, is om na Jesus as Q te verwys.

Teen hierdie agtergrond word dit duidelik dat dit baie belangrik is om die gesag van die Bybel op die hoogste vlak te aanvaar. Daardie vlak is die inspirasie vlak. Om dit duidelik te stel, die Bybel is die Woord van God.

Die gebruik om in teologiese navorsing na Thomas en Q te verwys, is om 'n afgewaterde "verstaan" (interpretasie) van die Bybel te hê. Dit het tot gevolg dat die Boodskap na willekeur verdraai kan word. **Enige hantering van die Bybel wat die openbaring relativeer, bedreig die Evangelie en is 'n Staat van Belydenis waardig.**